

14 September

Die hoop geanker in die liefde van God

Skrifgedeelte: Romeine 5:1-11

Fokusgedeelte: Romeine 5:5

In ons tyd, waar mense dikwels gebuk gaan onder die las van 'n uitsiglose lewe, is dit so belangrik om deel te hê aan die Christelike hoop. Die Christelike hoop is egter nie slegs idealisme wat gebou word op iets van die mens nie. Nee, dit is 'n hoop omdat dit geanker is in die liefde van God. En dit staan vas omdat dit gebou is op iets van God en nie iets van die mens nie.

Hierdie liefde van God word dwarsdeur die Bybel aan ons geopenbaar. En ten diepste word dit geken in die Seun van God se liefde, Jesus Christus. In Hom word eers werklik gesien wat ware liefde is. En dit is 'n werklikheid, want dit is op Golgota bewys. As die hoop dus op hierdie werklikheid gebou is, is dit nie 'n hoop wat kan beskaam nie, maar 'n hoop wat vasstaan en uiteindelik in vervulling gaan.

Die heerlikheid van alles is dat ons nie buite hierdie werklikheid staan nie. Want Paulus sê hierdie liefde van God is ook deur die Heilige Gees in ons harte uitgestort. Ons kan dus te midde van 'n uitsiglose wêreld, wat geen toekomsverwagting het nie, met vaste vertroue ons hoop op 'n toekoms van heerlikheid en ewige lewe vestig. En dit gee koers en rigting aan ons lewe.

Daarom kan ons, selfs wanneer alle ervaring daarteen stry, bly wees. Ons kan, soos Paulus in vers 3 sê, selfs in ons swaarkry roem!

Sing: Psalm 130:4 (Totiusberyming)

Ds. Philip van der Walt (Emeritus)